

# lets om te erf

Hekel 'n tafellap met pragtige kantsels vir jou nageslag! Zita Schimming het dié patroon vir ons lesers ontwerp

## BENODIGDHEDE


Coats Tridalia nr. 8 (50g-bolle), 6 bolle ecru; hekelpen van 1,50 mm; vierkantige stuk linne van 105 x 105 cm; garing; grafiekpapier

## MATE

Sowat 115 x 115 cm; randstrook is 8,5 cm breed wanneer gepars.

## AFKORTINGS

**adl** – agter deur lus  
**beg** – begin  
**dies** – dieselfde  
**dsl** – dubbelslagsteek  
**gp(e)** – groep(e)  
**gs** – glijpsteek  
**goh** – gare oor hekelpen  
**herh** – herhaal  
**h1b** – halfiangbeen  
**kb** – kortbeen  
**ks** – kettingsteek  
**lb** – langbeen  
**onv** – onvoltooide  
**oorbl** – oorblywende  
**p** – picot(s)  
**RK(e)** – regte kant(e)  
**smst** – springmieliesteek  
**sp(s)** – spasië(s)  
**st(e)** – steek (steke)  
**tr** – trossie  
**vlg** – volgende  
**VK(e)** – verkeerde kant(e)



## SLEUTEL

•	= ks
∩	= gs
	= kb
	= h1b
↑	= lb
†	= dsl
▼	= p
⬮	= smst
⊕	= 2lb-tr
⊗	= 4lb-tr
⊚	= 2dsl-tr

**Let wel:** Hekel elke lb en dsl met 'n ekstra lus, soos volg: goh en trek 'n lus op, goh en trek deur 1 lus, voltooi dan die steek soos gewoonlik.

**smst** – springmieliesteek, 5dsl adl in dies kb, laat val werklus, steek pen van voor deur eerste 5 dsl, tel werklus op en trek deur.

**p** – picot, 3ks, 1 kb in bo-lus van lb voor pas gehekelde 3ks.

**onv lb** – onvoltooide langbeen, goh, steek pen in en trek 'n lus op, goh en trek deur een lus op

pen, goh en trek deur 2 lusse op pen; dus bly een lus van elke onv lb op hekelpen.

**tr** – trossie, soveel onvoltooide lb of dsl soos genoem, saam afgewerk.

## RANDSTROOK

**Eerste motief:** Beg met 12ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

**1e rondte:** 1 ks, 24kb in ring, gs in beg-kb.

**2e rondte:** Deurgaans adl; \*1gs in vlg kb, 1ks, slaan 1kb oor.

1gs in vlg kb, 4ks, slaan 1kb oor, 1smst in vlg kb, 4ks, slaan 1kb oor \*\*; herh van \* tot \*\* nog 3 keer, 1gs in beg-gs.

**3e rondte:** \*1gs adl in kb wat oorgeslaan was tussen gs van vorige rondte, (1h1b, 6lb = 1gp): in vlg 4ks-sp, 3ks, slaan smst oor, (6lb, 1h1b) in vlg 4ks-sp\*\*; herh van \* tot \*\* nog 3 keer, gs in beg-ks.

**4e rondte:** 7ks, \*kb in 4e lb van vlg gp, 3ks, 7lb in vlg 3ks-sp, 3ks, 1kb in 3e lb van vlg gp, 3ks\*\*, 1dsl in gs tussen gpe\*\*\*; herh

van \* tot \*\*\* nog 2 keer, hekel dan van \* tot \*\* 1 keer, gs in 4e van 7 beg-ks.

**5e rondte:** 2ks, 1lb in 1e ks-sp, \*5ks, 1kb in ks-sp voor lb-gp, 5ks, 1lb in 4e lb van gp, 1p, 1lb in vlg lb, 5ks, 1kb in vlg ks-sp, 5ks, 2onv lb in dies ks-sp\*\*, 2onv lb in vlg ks-sp (=5 lusse op pen), goh en trek deur alle lusse op pen \*\*\*; herh van \* tot \*\*\* nog 2 keer, hekel van \* tot \*\* 1 keer, goh en trek deur al drie lusse op pen, gs in beg-lb. Knip werkdraad af.

## HEG MOTIEWE VAS

Hekel elke motief soos hierbo uiteengesit, maar heg dit in 5e rondte aan vorige motief vas: Eindig met lb in 4e lb van 1e of 2e lb-gp, 1ks, 1gs in teenoorge-stelde p van vorige motief, 1ks, 1kb in bo-lus van laaste lb van lopende motief (= vasheg-p), 1lb in vlg lb, 2ks, 1gs in middel van vlg ks-sp van vorige motief, 2ks, 1kb in vlg ks-sp van lopende motief, 2ks, 1gs in middel van vlg ks-sp van vorige motief, 2ks, 2 onv lb elk in vlg twee ks-sps van lopende motief, goh en trek deur alle lusse, 2ks, 1gs in vlg ks-sp van vorige motief, 2ks, 1lb in vlg ks-sp van lopende motief, 2ks, 1gs in vlg ks-sp van vorige motief, 2ks 1lb in 4e lb van vlg gp van lopende motief, 1 vasheg-p in vlg p van vorige motief soos tevore, 1lb in vlg lb van lopende motief, voltooi rondte. Hekel 64 motiewe vir buiterand en heg hulle vas volgens diagram 1.

## AFWERKING VAN BINNERAND

**1e rondte:** Met RK voor, heg werkdraad aan ks-sp voor vasheg-p by 'n binnehoek, 3ks, 2lb in dies sp, 2onv dsl in vasheg-p in hoek, goh en trek deur al drie lusse op pen, 3lb in vlg ks-sp, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 3 keer, \*2ks, 4lb in sp onder vasheg-p tussen motiewe, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 4 keer \*\*; herhaal van \* tot \*\* nog 12 keer, 2 ks, 4lb in sp onder vasheg-p (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 3 keer, 2ks, 3lb in vlg ks-sp (=sp voor binnehoek), 2onv dsl in hoek, goh en trek deur al drie lusse op pen, 3lb in vlg ks-sp, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 3 keer \*\*\*; herh van \* tot \*\*\* nog 2 keer,

herh van \* tot \*\* tot by laaste motief voor binnehoek, 2ks, 4lb in sp onder vasheg-p, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 3 keer, 2ks, gs in 3e beg-ks.

**2e rondte:** \*Slaan 2 saam afgewerkte dsl oor, 1gs tussen 1e en 2e van vlg 3 lb, (5lb-gp in vlg ks-sp, 1gs tussen 2e en 3e van vlg 4 lb) tot by laaste ks-sp voor vlg binnehoek, 5lb-gp in laaste ks-sp, 1gs tussen 2e en 3e van vlg 3 lb\*\*; herh van \* tot \*\* nog 3 keer, 1gs in 1e beg-gs. Knip werk-

draad af.

## AFWERKING VAN BUITERAND

**1e rondte:** Heg werkdraad aan p by een van die hoeke, \*4ks, 2lb in vlg ks-sp, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 2 keer, 2ks, 2lb in vlg ks-sp, 4ks, 1kb tussen die 2 lb voor vasheg-p, 1kb in sp onder vasheg-p, 1kb tussen die 2 lb aan beg van vlg motief\*\*; herhaal van \* tot \*\* tot en met kb tussen eerste 2 lb van vlg hoek-motief, 4ks, 2lb in

vlg ks-sp, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 2 keer, 2ks, 2lb in vlg ks-sp, 4ks, 3kb in p op hoek \*\*\*; herh van \* tot \*\*\* nog 3 keer.


**2e rondte:** 1gs elk in 1e en 2e van 4 beg-ks, 2kb in dies ks-sp, \*7lb-gp in vlg ks-sp, 1kb tussen 2e en 3e van vlg 4 lb, 1lb in vlg ks-sp, (1p, 1lb in dies sp) 5 keer, 1kb tussen 2e en 3e van vlg 4 lb, 7lb-gp in vlg ks-sp; 2kb in vlg ks-sp\*\*, 1p, slaan vlg 3 kb oor, 2kb in vlg ks-sp\*\*\*; herh van \* tot \*\*\* tot by motief op vlg hoek,



foto Mariam Gillan, stiling  
Riana van der Merwe,  
foto geneem by Congo Joe  
(011) 726-4101

## Diagram 1

### Heg randmotiewe só vas



hekel van \* tot \*\* 1 keer, 1p, 1kb in dies ks-sp, 1p, 1kb in 2e van driehoek kb, 1p, 1kb in vlg ks-sp, 1p, 2kb in dies sp \*\*\*\*; herh van \* tot \*\*\*\* nog 3 keer, maar eindig laaste herh met laaste p, sluit rondte met gs in 1e beg-kb. Knip werkdraad af.

### INSETSELS (4)

Hekel 10 motiewe soos vir randstrook en voeg hulle saam volgens diagram 2.


### OMRANDING

**1e rondte:** Heg draad aan 'n hoek vas (kyk op diagram 2), 1kb in p, \*(2ks, 4lb in vlg ks-sp) 4 keer, 2ks, 4lb in sp onder vasheg-p tussen motiewe\*\*; herh van \* tot \*\* nog 2 keer, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 4 keer, 2ks, 1kb in hoek-p \*\*\*, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 4 keer, #2ks, 1kb in hoek-p, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 4 keer, slaan binnehoek oor, 4lb in 1e ks-sp van vlg motief, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 3 keer ##; herh van # tot ## nog twee keer, 2ks, 1kb in hoek-p, (2ks, 4lb in vlg ks-sp) 4 keer, 2ks, 1gs in 1e beg-kb.

**2e rondte:** 3ks, 3lb in basis van 3ks, \*(1kb in vlg ks-sp, 1kb elk in vlg 4 lb) tot by ks-sp voor vlg hoek, 1kb in ks-sp gp van 7 lb in kb op hoek\*\*; herh van \* tot \*\* nog 2 keer, eindig dus met lb-gp in 1e punt van sigsagrand, #(1kb in vlg ks-sp, 1kb in elk van vlg 4 lb) 3 keer, 1kb in vlg ks-sp, 1ks, 1dsl in sp tussen lb-gp aan binnehoek, 1ks, (1kb in vlg ks-sp, 1kb in elk van vlg 4 lb) 3 keer, 1kb in vlg ks-sp, 7lb-gp in kb aan vlg punt ##; herh van # tot ## nog 2 keer, (1kb in vlg ks-sp, 1lb in elk van vlg 4 lb) 4 keer, 1kb in laaste ks-sp, 3lb in dies sp as eerste 3 lb, 1gs in 3e beg-ks; knip werkdraad af.

## Diagram 2

### Heg insetsel motiewe só vas



### AFWERKING

1. Pars randstrook noukeurig met warm yster oor klam doek.
2. Plaas grafiekpapier op plat oppervlak en lê insetsels uit en speld vas; maak seker dat dit deurgaans regte hoeke vorm; maak klam en laat droog word. Voor spelde verwyder word, merk buitelyne op grafiekpapier, of presies langs rand, of 6 mm van daar af, indien jy insetsels met geborduurde balkies, soos op foto gesien kan word, wil vaswerk. Al vier die insetsels moet dieselfde grootte wees.
3. Meet binneafstand tussen twee teenoorgestelde sye van randstrook noukeurig en merk dan presies passende vierkant op linnevierkant deur drade uit te trek. Vou buiterande langs merklyne om en werk af; of soom rand, of hekel kb oor voulyne.
4. Knip gemerkte grafiekpapierinsetsels uit en plaas op linnevierkant. Meet sorgvuldig om te verseker dat die twee syrande presies ewe ver van die ooreenkomstige buiterande van linnevierkant is. Merk buitelyne op die linne met potlood of met rygsteke.
5. Werk styfpassende knoopsgatsteek al om gemerkte lyne (knopies moet aan agterkant wees).
6. Werk insetsels aan knoopsgatsteekrand vas, sonder om stof raak te steek; of werk insetsele rande regstreeks vas, of borduur balkies, d.w.s., span 5 drade en omwoel hulle. Knip dan stof agter insetsels versigtig langs knoopsgatsteeklyne weg.
7. Werk randstrook aan buiterand van tafeldoek vas; slegs middel van elke lb-gp moet vasgevang word. □